# Avontuur na
# BOTSWANA

Beleef 'n onvergeetlike avontuur deur die ongerepte wildernis en skouspelagtige landskappe van Botswana saam met Namakwa Toere.

# Toer Inligting

**Vertrek:** Pretoria **Eindig:** Pretoria

**Styl:** Luukse busvervoer & Lodge Akkommodasie

**Verwysing:** BOT5

**2027 Toerprys:**
Deeltarief (per persoon): R66 000
Enkeltarief (per persoon): R77 500

**2027 Datum:**
BOT5/1: Don. 22 April tot Son. 2 Mei

**Ingesluit:**
10 nagte akkommodasie
Geregistreerde toergids
Busvervoer
Toegangsgelde soos aangedui
Etes soos aangedui

**Uitgesluit:**
Middagetes
Fooitjies
Drankies

Deposito van R10 000 (per persoon) is betaalbaar 14 dae na bevestiging van bespreking. Balans betaalbaar 60 dae voor die toer vertrek.





Namakwa toere

# Avontuur na Botswana

## 11-dag toer na Botswana

DAG 1: Ons vra asseblief dat almal reeds vanaf 04:30 gereed sal wees sodat ons teen 05:00 reeds in die pad kan val vanaf Town Lodge - Menlo Park. Ons sal die grens oorsteek by Martins Drift / Groblersbrug waarvandaan ons na ons eerste bestemming van die toer, Palapye, sal gaan waar ons by Majestic Five die eerste aand sal oornag.
*Ingesluit: Aandete*

DAG 2: Na ontbyt vertrek ons na Orapa waar ons sal oornag by Makumutu Lodge.
*Etes ingesluit: Ontbyt & Aandete*



DAG 3: Na ontbyt vertrek ons na Maun via Rakops. Ons sal vir die volgende 2 nagte by Crocodile Camp oornag.
*Etes ingesluit: Ontbyt & Aandete*

DAG 4: Een van die 7 wonders van Afrika is die Okavango Delta. Die Okavango Delta vloei vanuit Angola, maar die water bereik nooit die see nie. Dit loop in Botswana en vorm een groot vleiland waarin verskeie dier- en voëlspesies floreer. Vandag sal ons op 'n wildsrit gaan om die asemrowende diere en voëls te sien wat die Okavango Delta hul tuiste noem.
*Ingesluit: Ontbyt & Aandete*
*Toegangsfooi ingesluit: Moremi Wildsrit*

DAG 5: Na ontbyt verlaat ons Maun en ry na Nata. Hier kan ons bietjie bene rek voor ons die laaste stukkie ry na Nata waar ons gaan oornag tussen die olifante.
*Ingesluit: Ontbyt & Aandete*

DAG 6: Vandag vertrek ons na die absolute hoogtepunt-bestemming van ons toer, Kasane. Hier gaan ons oornag vir 3 opeenvolgende nagte en verskillende rigtings verken. Ons gaan tuis by Chobe Safari Lodge of Chobe Bush Lodge reg langs die Choberivier en langs die Chobe Nasionale Park.
*Ingesluit: Ontbyt & Aandete*
*Aktiwiteit ingesluit: Bootvaart*



DAG 7: Vroeg die oggend na ontbyt spring ons op die bus en vertrek na die Victoriawaterval. Ons kruis die grens by Kazungula wanneer ons gaan en terugkom. Verskeie aktiwiteite is beskikbaar vir u om aan deel te neem indien u nie saam met die res van die groep op 'n staptog na Victoriawaterval wil gaan nie.
*Ingesluit: Ontbyt & Aandete*
*Toegangsfooie ingesluit: Victoriawaterval & Parkfooie*

DAG 8: Na ons avontuur by Victoriawaterval kry u 'n persoonlike dag in Kasane en die omgewing. Ons gaan wel vroeg die oggend op 'n wildsrit in die Chobe Nasionale Park en later die aand op 'n sonsak-bootrit op die Choberivier waarna ons 'n heerlike aandete saam sal geniet.
*Ingesluit: Ontbyt & aandete*
*Aktiwiteite en toegangsfooie ingesluit: Wildsrit & bootrit* / Parkfooie

*Let asseblief daarop dat toegangsfooie, soos aangedui onder daaglikse beskrywing, ingesluit is. Ons behou ook die reg voor om die program te verander indien nodig.*

DAG 9: Na 'n heerlike ontbyt keer ons terug in die rigting van Nata waar ons die aand sal oorbly tussen die olifante.
*Ingesluit: Ontbyt & Aandete*

DAG 10: Na 'n heerlike ontbyt kies ons die pad na Palapye waar ons die laaste nag van 'n onvergeetlike toer gaan deurbring by die Majestic 5 hotel.
*Ingesluit: Ontbyt & Aandete*

DAG 11: Op ons laaste oggend saam gaan ons eers 'n heerlike ontbyt geniet voor ons vertrek na die grenspos van Martins Drift/ Groblersbrug. Afhangende van die tyd wat ons bestee op die grens, behoort ons net na die middag terug te wees in Pretoria.
*Ingesluit: Ontbyt*





# Belangrike Inligting

Enkelakkommodasie is beskikbaar, maar daar is slegs twee kamers per datum beskikbaar. Kontak asseblief eers ons kantoor voordat u voortgaan met 'n enkelbespreking, sodat ons kan seker maak daar is 'n kamer beskikbaar. Stuur gerus 'n e-pos na info@namakwatoere.com of bel die kantoor by +27 (0)27 2191633.

Enkelkamers kan altyd na dubbelakkommodasie verander word indien u iemand sou wou saamnooi. Geen administratiewe kostes sal gehef word nie; slegs die dubbelfooi per persoon. Die verskil tussen enkel- en dubbelakkommodasie (indien reeds betaal) sal aan u terugbetaal word.

Wanneer u 'n vlug wil bespreek op dieselfde dag waarop die toer eindig, kontak asseblief die kantoor vir 'n tweede mening oor die tyd wat u die vlug wil bespreek.





Ons help graag met vlug besprekings asook betaling van die vlugte – kostes R250 pp vir bankkostes en administrasie fooi. Hierdie vlugte sal bespreek word na ons deposito ontvang het. Die kostes van vlugte asook die R250 per persoon is ook onmiddelik betaalbaar na bespreking voltooi is en u die kaartjies ontvang het.
Neem asseblief kennis dat ons nie vlugte teen u goedkoper tarief kry nie, daarom is u welkom om alle vlugte self te bespreek.

U paspoort moet asb SES maande of langer geldig wees.

Ons by Namakwa Toere doen ons bes om die toerprogram so stiptelik as moontlik te volg, maar indien onvoorsiene omstandighede opduik, kan ons die toerprogram aanpas soos nodig. Ons dra altyd ons toerlede se beste belange op die hart ten einde aan hulle 'n onvergeetlike vakansie te bied.

Namakwa toere

GOING ADVENTURE ON AN

## Padtoestande en Infrastruktuur

Die paaie in en deur Botswana is baie keer in 'n swak toestand, wat baie swaar druk op ons voertuie plaas. Ons het baie vertroue in ons voertuie en ons maak seker dat ons alles in ons vermoë doen om te verseker dat alles goed verloop. Ons kan ongelukkig nie alle onbeplande situasies voorkom nie. Baie van die paaie wat ons ry, is ongeteer, vol slaggate en nie juis die gemaklikste roetes nie. Ons weet dit kan vermoeiend raak, maar die paaie lei ons op die ou einde na ongelooflike plekke.





## Mediese Inligting

Reisigers, oud en jonk, word versoek om in 'n goeie gesondheidstoestand te wees om ten volle aan die toer te kan deelneem. Ons verwag van alle toerlede om deeglik deur die program te lees en self te besluit of u aan al die aktiwiteite, soos in die program aangedui, kan deelneem. As ons toergids en bestuurder dalk op enige stadium van die toer van mening is dat enige van ons toerlede nie meer aan 'n aktiwiteit kan deelneem nie, behou ons, die reg voor om u van die aktiwiteit en/of die res van die toer – sonder enige terugbetaling – te verskoon. Die nodige dokumente sal deur ons kantoor verskaf word om terug te eis van u reisversekering. Ons stel ook voor dat elke toerlid sy/haar eie noodhulpkassie met die nodige voorraad soos ''rehydrate", ekstra leesbrille, karsiekmedikasie en ook diarreemedikasie saamneem.

## Reisversekering

Ons beveel **sterk** aan dat u reisversekering uitneem vir u toer. Ons werk saam met TIC (Travel Insurance Consultants) en u is welkom om ons kantoor te kontak vir 'n kwotasie.



## Drinkwater

As 'n reël aanvaar ons dat alle water wat uit 'n kraan kom, ondrinkbaar en nie geskik vir menslike gebruik is nie. Dit mag minerale en bakteriëe bevat waaraan u maag nie gewoond is nie. Dit kan tot ernstige ontsteltenis, ongerief en siektes lei. Dit kan sonder twyfel u hele toer versuur. Omtrent al die fasiliteite waarvan ons gebruik maak, verskaf veilige drinkwater op 'n daaglikse basis. Bring gerus 'n waterbottel saam wat ons beslis vir u gaan volmaak.






Namakwa toere

## Hoekom saam met Namakwa Toere?

- Ons is `n familiebesigheid en is reeds sedert 1985 in die toerbedryf.
- Ons toergidse is van die bekwaamste, hulpvaardigste en vriendelikste gidse wat u ooit sal teëkom.
- Elke toerlid se persoonlike behoeftes vir `n toer word persoonlik deur ons opgeleide personeel hanteer.
- Daar is geen gejaagde toerprogram nie! Ons busbestuurder is saam met u met vakansie en is nooit onder druk nie.

## Wat gebeur as Namakwa Toere die toer kanselleer?

- Die Toer is onderhewig aan 'n minimum van 10 persone om plaas te vind.
- Namakwa Toere onderneem om sover moontlik, geen toer te kanselleer nie. Indien dit ooit sou gebeur dat ons 'n toer moet kanselleer, is ons bereid om al die geld wat u reeds betaal het, oor te dra na enige ander toer van u keuse of na die daaropvolgende jaar (uitsluitend die nie-terugbetaalbare deposito en bankkoste).



## Hoe bespreek ek?

- Wanneer u besluit om te bespreek, vul die besprekingsvorm in en stuur dit na info@namakwatoere.com. 'n Skakel na die aanlyn besprekingsvorm is ook beskikbaar.

- U sal 'n toerverwysingsnommer tesame met Namakwa Toere se bankbesonderhede ontvang. Hierdie verwysingsnommer moet asseblief ingesleutel word by 'begunsdigde verwysing'.

- Na ons u bespreking ontvang het sal ons die reëlings tref soos aangedui in u vorm.

GOING ADVENTURE

# Hotelverblyf voor of na die toer

## Town Lodge - Menlo Park - Pretoria - Vertrek 05:00 *(2 **)*

**Enkelkamer:** R2 095
**Dubbel/Twin-kamer:** R2 330
**Ontbyt:** Volledige ontbyt ingesluit (07:00-10:00) - ontbytpakkies is beskikbaar op aanvraag
**Middag- en Aandete:** Beskikbaar op aanvraag
**Pendeldiens:** Wag nog 2027 tarief
**Parkering:** Gratis
**WiFi:** Gratis
**Tel:** (012) 348 2711

*Alle akkommodasie moet deur Namakwa Toere se kantoor gedoen word om te kwalifiseer vir tariewe soos aangedui.*
*Vlugte: Kontak ons vir pryse en tye*
*Reisversekeing: Kontak ons vir 'n kwotasie*
*Kontak ons kantoor vir die besprekingsvorm of vir die aanlyn besprekingsvorm*





Namakwa toere

# Gesels met ons!

027 219 1633

info@namakwatoere.com

076 475 3896

www.namakwatoere.com

www.facebook.com/namakwatoere

@namakwatoere

@namakwatoerenamaquatours6758

